testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2021

**10792**

**GESKIEDENIS**

**VRAESTEL 2**

**TYD:** 3 uur

**PUNTE:** 150

**9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die gewysigde KABV-dokument.

**BRON A: BRONGEBASEERDE VRAE**

VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: INTERNE WEERSTAND TEEN APARTHEID

VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE,1989 TOT DIE HEDE

**BRON B: OPSTELVRAE**

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970’s TOT 1980’s: SUID-AFRIKA: DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE SKIKKING EN DIE REGERING VAN NASIONALE EENHEID

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, sal in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag of 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste een uur aan elke vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf duidelik en leesbaar.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling.

Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: HOE HET BURGERLIKE ORGANISASIES IN DIE 1980's IN SUID-AFRIKA OP DIE NASIONALE PARTY SE HERVORMINGS VAN DIE APARTHEIDSBELEID GEREAGEER?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Hoekom, volgens die bron, was die Verenigde Demokratiese Front gestig? (1 x 1) (1)

1.1.2 Verduidelik, deur gebruik te maak van jou eie kennis, die Koornhof Wetsontwerpe. (1 x 2) (2)

1.1.3 Lys enige TWEE organisasies wat deel was van die UDF se koalisie. (2 x 1) (2)

1.1.4 Uit hoeveel lede het die UDF, volgens die bron bestaan? (1 x 1) (1)

1.1.5 Wat, volgens die bron, was die rol van die volgende groepe tydens die toenemende onrus in die informele nedersettings?

a) Jongmense
b) Vakbonde (2 x 1) (2)

1.1.6 Verduidelik die redes vir die UDF se teenkanting teen die Driekamerparlement. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron1B.

1.2.1 Wat het die kombinasie van die leierskap (Chikane, Naudé and Tutu) van die SAKP beteken? (1 x 2) (2)

1.2.2 Hoe, volgens jou eie kennis het die polisie en weermag strukturele geweld op die bevrydingsbewegings, in die 1980's toegepas? (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat, volgens die bron, was die voorstelle wat die Kairos-dokument gemaak het? (2 x 1) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar op wat Biskop Desmond Tutu laat deurskemer het, toe hy gesê het: "Ons wat ’n vreedsame oplossing wil hê, word vinnig ’n irrelevansie (onbelangrik). " (2 x 2) (4)

1.2.5 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die SAKP en Biskop Tutu burgerlike ongehoorsaamheid ondersteun het in die stryd teen apartheid. (2 x 1) (2)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Volgens die bron, waarteen het die koördineringskomitees die gemeenskap beskerm? (2 x 1) (2)

1.3.2 Watter 1982-apartheidswet het na jou mening gelei tot "die plaaslike regeringstrukture, wat berug was vir korrupsie”? (1 x 2) (2)

1.3.3 Hoe, volgens die bron, het die regering gereageer op die protesaksie van die burgerlike samelewing? (2 x 1) (2)

1.3.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die bron vir 'n historikus wat die siklus van protes, onderdrukking en geweld van die 1980's wil bestudeer. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bronne 1B en 1C. Verduidelik hoe die bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die burgerlike protes en onderdrukking in die 1980's . (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1D.

1.5.1 Hoekom, na jou mening, was die plakkaat ontwerp? (1 x 2) (2)

1.5.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom jy dink dat die noodtoestand 'n skending van mense, asook hul siviele regte was? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die verskillende burgerlike samelewingsorganisasies gereageer het op die Nasionale Party se hervormings van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika in die 1980's. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE PROSES VAN REPARASIE HANTEER ?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A**.**

2.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat dit die mandaat van die WVK was om genesing te bevorder. (1 x 2) (2)

2.1.2 Identifiseer TWEE doelwitte van die WVK uit die bron. (2 x 1) (2)

2.1.3 Definieer die konsep *reparasies* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.4 Wat, volgens die bron, was die pligte van die WVK? (3 x 1) (3)

2.1.5 Verduidelik wat jy dink Desmond Tutu geïmpliseer het in die verklaring, "Ek het my nuwe span kommissarisse aangesê om ons land en ons mense te help om eens en vir altyd ons donker verlede te verstaan." (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Haal TWEE bewyse uit die bron, wat daarop dui dat die slagoffers van apartheid ontevrede was met die proses van reparasie. (2 x 1) (2)

2.2.2 Lewer kommentaar op die WVK se beleid teenoor die volgende:

a) Amnestie vir oortreders (1 x 2) (2)
b) Reparasie vir slagoffers (1 x 2) (2)

2.2.3 Hoeveel geld, volgens die bron, is die slagoffers betaal of belowe as deel van die reparasiebeleid? (1 x 1) (1)

2.2.4 Waarom dink jy het die internasionale organisasies die reparasieproses ondersteun? (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Hoekom, volgens die bron, het die slagoffers van apartheid by die Uniegebou vergader? (1 x 2) (2)

2.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die rol wat die Khulumani-ondersteuningsgroep gespeel het om die apartheid-slagoffers te ondersteun in hul stryd om reparasies van die WVK te verkry. (1 x 2) (2)

2.3.3 Wie, volgens die bron, was die leier van die Khulumani-ondersteuningsgroep? (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik waarom die slagoffers reparasies van die WVK geëis het. (1 x 2) (2)

2.3.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die reparasies wat die slagoffers van apartheid geëis het. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die boodskap wat in die spotprent oorgedra word oor reparasies vir die slagoffers van apartheid. (1 x 2) (2)

2.4.2 Verduidelik hoe die spotprenttekenaar die regering se houding teenoor die reparasieproses uitbeeld. (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bronne 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die getuienis in Bron 2D ondersteun oor die reparasies vir die slagoffers van menseregteskendings. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) die proses van reparasies hanteer het . (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING WERKERS IN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Gee TWEE voorbeelde, uit die bron, van multinasionale korporasies. (2 x 1) (2)

3.1.3 Haal 'n bewys aan vanuit die bron wat toon dat globalisering ontwikkelende lande gehelp het. (1 x 1) (1)

3.1.4 Deur gebruik te maak van inligting uit die bron en jou eie kennis, verduidelik die impak wat globalisering op ontwikkelende lande gehad het. (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, het multinasionale korporasies aan ontwikkelende lande verskaf? (3 x 1) (3)

3.2.2 Verduidelik hoe globalisering werksgeleenthede vir werkers in ontwikkelende lande geskep het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Lewer kommentaar oor waarom "sweatshop" arbeid beter is as die alternatief van aas (bakhand staan) of geen betaalde indiensneming. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik hoe multinasionale korporasies bygedra het tot die ekonomiese groei in ontwikkelende lande. (2 x 2) (4)

3.2.5 Verduidelik waarom jy dink dat die bron bruikbaar sal wees wanneer die impak van multinasionale korporasies op ontwikkelende lande bestudeer word. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe werkers in multinasionale korporasies soos Nike behandel is. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Volgens die inligting in die bron, waarom het Nike hulle beeld in die 1990's herstel? (1 x 2) (2)

3.4.2 Wat, dink jy vervaardig Nike? (1 x 1) (1)

3.4.3 Kies TWEE bewyse uit die bron om aan te dui dat werkers in die Nike-fabriek in Viëtnam ongelukkig was. (2 x 1) (2)

3.4.4 Identifiseer die maatskappy wat na bewering toegang tot Nike se kontrakfabrieke geweier is. (1 x 1) (1)

3.5 Vergelyk Bronne 3C en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die getuienis in Bron 3D ondersteun oor die behandeling van werkers in multi-nasionale maatskappye soos Nike. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe globalisering werkers in ontwikkelende lande geraak het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Tot watter mate het Steve Biko en die ideologie van Swartbewussyn bygedra tot die 1976 studentebetogings in Soweto?

Ondersteun jou argument met behulp van relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die opposisiepartye en die Nasionale Party-regering in Suid-Afrika is uiteindelik gedwing om die politieke dooiepunt op te los deur onderhandelinge in die 1990's wat gelei het tot die geboorte van 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika in 1994.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die proses van onderhandelinge wat tussen 1990 en 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELD ORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 het gedien as 'n groot vonk vir die politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Stem jy saam met die stelling? Staaf jou argument deur te verwys na relevante gebeure wat die politieke landskap in Suid-Afrika tussen 1989 en 1990 gevorm het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2021

**10792**

**GESKIEDENIS**

**VRAESTEL 2**

**ADDENDUM**

**14 bladsye**

**VRAAG 1: HOE HET BURGERLIKE ORGANISASIES IN DIE 1980's IN SUID-AFRIKA OP DIE NASIONALE PARTY SE HERVORMINGS VAN DIE APARTHEIDSBELEID GEREAGEER?**

**BRON 1A**

Die uittreksel hieronder fokus op die vestiging van die Verenigde Demokratiese Front. Dit is gestig weens die apartheidsbeleide wat in die vroeë 1980's ingestel is.

Die belangrikste en werklik oorspronklike organisatoriese uitdrukking van gewilde weerstand in die 1980's, was die Verenigde Demokratiese Front (UDF). Die UDF is in 1983 gestig. ’n Organisasie wat aanvanklik skynbaar gestig is om teenkanting teen die staat se grondwetlike voorstelle en ander wetgewing te mobiliseer. Die wetgewing was gesamentlik bekend as die Koornhof Wetsontwerpe, wat ook die Wet op Swart Plaaslike Owerhede ingesluit het. Die UDF as sambreel-organisasie het 'n koalisie van burgerlike verenigings, studente-organisasies, jeugkongresse, vrouegroepe, vakbonde, kerklike verenigings, sportklubs en 'n menigte ander organisasies byeengebring. Hulle het dikwels, weens hul affiliasie met die UDF, hul vermoë om onafhanklik te organiseer behou en verbeter. Die UDF het op sy hoogtepunt beweer dat die organisasie ongeveer 700 affiliate in 10 streeksgebiede gegroepeer gehad het, met 'n totaal van meer as twee miljoen lede.

Met die toenemende oplewing van “township”-onrus wat in 1984 in alle erns begin het, was dit die jongmense van die woongebiede wat die hoof stukrag (motivering) agter die stryd verskaf het, terwyl die leierskap in 1988 aan die vakbonde oorgedra is. In een belangrike opsig het die UDF daarin geslaag om voort te bou op die ervaring van “township”-gebaseerde organisasies soos burgerlike verenigings, deurdat dit plaaslike en nasionale griewe suksesvol gekombineer het.

Die eerste fase van die UDF het gevolg op aktiwiteite om teen verkiesings op te staan, asook teen die Driekamerparlement en die Koornhof Wetsontwerpe. Maar kort na Augustus 1984 het politieke aktiwiteite van die opposisie verskuif na ‘n stryd wat deur plaaslike gemeenskappe geïnisieer is. Hulle het bekommerd geraak oor basiese kwessies wat die lewe binne die swart woongebiede geraak het en dit het daartoe aanleiding gegee dat die tweede fase ingehuldig (geïnisieer) is. Die massa-oplewing het in September 1984 in alle erns toegeneem en het die vorm van bus- en huurboikotte, behuisingsbewegings, plakkersopstande, arbeidstakings, skoolbetogings en wegbly-aksies aangeneem.

[Uit:*https://libcom.org/library/peoples-politics-state-politics-aspects-national-liberation-south-africa-1984-1994.*]

**BRON 1B**

Die volgende uittreksel gaan oor die reaksie van kerke teenoor die staat se onderdrukking in die 1980's.

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), 'n interkerklike (inklusiewe geloof) forum van kerke, was prominent in die stryd vir sosiale geregtigheid. Hulle het ook die apartheidswette uitgedaag gedurende die jare van stryd in Suid-Afrika. Die leiers was onder andere, Desmond Tutu, Beyers Naudé en Frank Chikane.

Die SARK het die idees van bevrydingsteologie, wat in die 1960's in Latyns-Amerika ontstaan het, in die 1980's gewild gemaak. Die Christelike boodskap is geïnterpreteer as 'n manier om die armes te bevry, deur die gebruikmaking van direkte politieke optrede teen onregverdige wette wat gekenmerk is deur die strukturele (fisiese) geweld van die polisie en die weermag.

In 1985 het SARK-teoloë die Kairos-dokument (Oomblik van Waarheid) uitgereik. Die Kairos-dokument het 'n beroep op kerke gedoen om op te staan vir die armes, die onderdruktes en ook op te tree teen die ongeregtighede van apartheid. Die dokument het verklaar dat Christene die behoeftes van die stryd om bevryding moet dien en sy lede moet mobiliseer om te werk en te beplan vir 'n verandering in die regering. Dit het ook burgerlike ongehoorsaamheid ondersteun.

Biskop Tutu het in Desember 1985 by 'n Wêreldraad van Kerke se sitting in Harare die ongeduld van die jeug aangespreek oor die gebrek aan sosiale verandering wat die kerk nie kon voorsien nie:

*"Ons wat 'n vreedsame oplossing wil hê, word vinnnig 'n irrelevansie. Ons praat met woorde en hulle (die regering) antwoord met koeëls. Dit is waarom ek gesê het, as ek jonk was, sou ek Biskop Tutu lank gelede verwerp het."*

[Uit: *https://www.sahistory.org.za/article/liberation-organisations.*]

**BRON 1C**

Die bron hieronder beskryf die reaksie van burgerlike verenigings op die onderdrukkende wette van die Nasionale Party.

Die gemeenskapsrade is deur 'n "township-wye" koördineringskomitee verteenwoordig. Hierdie koördineringskomitees het gewoonlik verdedigend opgetree om die gemeenskap teen staatsonderdrukking en soms misdaad te beskerm. In baie gebiede het hierdie strukture egter die basis gevorm vir innoverende (vindingryke), pro-aktiewe ontwikkelingstrategieë. Hierdie netwerk van sosiale bewegings het apartheids-opgelegde strukture begin afbreek en gemeenskappe volgens demokratiese beginsels herskep.


Talle opstande het binne die gemeenskappe ontstaan, in reaksie teen die wyse waarop die apartheidsregulering van basiese stedelike noodsaaklikhede soos behuising, grond, dienste (soos water en riool), vervoer, gesondheidsorg, kindersorg en opvoeding beheer is. Hierdie stryd het kop-aan-kop gebots met plaaslike regeringstrukture, wat berug was vir hulle korrupsie, waar lede verkies is, gebaseer op uiters lae peilings en waar die administrasie ondoeltreffend was, en fiskaal onlewensvatbaar.

Protes het op 'n klein skaal begin deur middel van petisies, vertoë en persverklarings. Toe die owerhede hierdie vertoë ignoreer, is wyer kollektiewe hulpbronne gemobiliseer in optogte, wegbly-aksies, boikotte, ensovoorts. Onvermydelik is hierdie optredes deur die geharde aksies van die veiligheidsmagte onderdruk. Dit was die doel van die apartheidstaat om die siklus van protes, onderdrukking en geweld wat dikwels met teen-geweld beantwoord was te bespoedig. Die Noodtoestande, wat die eerste keer in 1985 in werking getree het en tot middel-1989 voortgeduur het, was duidelik daarop gemik om hierdie sosiale bewegings op die grondvlak uit te wis. Vergaderings en organisasies is verbied, aktiviste is in hegtenis geneem en in die tronk gestop en talle weermagtroepe het die strate in die woonbuurte ("townships") gepatrolleer.

[Uit: *https://www.saha.org.za/imagesofdefinace/community_azikhwelwa.htm*.]

**BRON 1D**

Die volgende bron toon die impak van die Noodtoestand in Suid-Afrika vanaf 1985. Tydens 'n Noodtoestand het die staat spesiale magte gehad en normale wette wat menseregte en siviele regte beskerm het omseil.




[Uit: *https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/poster738.jpg.*]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE PROSES VAN REPARASIE HANTEER?**

**BRON 2A**

Hierdie uittreksel is geskryf deur Desmond Tutu, die voorsitter van die WVK. Dit fokus op die redes vir die ontstaan van die Waarheids- en Versoeningskommissie in 1995.

By die eerste byeenkoms van die Waarheids- en Versoeningskommissie, op Versoeningsdag in 1995, het ek gepraat oor die belangrikheid van politieke onpartydigheid (regverdigheid) van die proses, indien dit sou slaag. Dit was nie die vrome (opregte/morele) pleidooi aan die priester nie, dit was die Waarheidskommissie se regsmandaat. Ons hoef nie die moraliteit van mense se optrede te oordeel nie, maar moet liewer as 'n inkubasie (ontwikkeling/groei) area van nasionale genesing, versoening en vergifnis dien. Ons was 'n gewonde volk, as gevolg van die konflikte van die verlede. Dit maak nie saak aan watter kant ons gestaan het nie, ons het almal genesing nodig gehad. As lede van die kommissie was ons gewonde genesers.

Die kommissie het drie tasbare take gehad, om ‘n volledige beeld te verkry van die oorsake, aard en omvang van die growwe skendings van menseregte wat tussen 1960 en 1994 voorgekom het deur ondersoeke te doen en ‘n waardige platform te skep vir slagoffers en oortreders van menseregteskendings om hul stories te vertel; om amnestie aan kwalifiserende oortreders van menseregteskendings toe te staan en om aanbevelings aan die regering oor reparasies te maak. Dit het ook 'n breër en minder tasbare (raakbare) verantwoordelikheid gehad om by te dra tot die ontwikkeling van 'n fundamenteel nuwe, deernisvolle, regverdige en morele samelewing.

“Die doelwitte van die kommissie sal wees om nasionale eenheid en versoening te bevorder, in 'n gees van begrip, wat die konflik en verdeeldheid van die verlede sal oortref," is in die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995 gestipuleer.

“Ons is bevoorreg om op hierdie kommissie te wees. Ek het vir my nuwe span kommissarisse aangesê om ons land en ons mense te help om vir eens en vir altyd vrede te maak met ons donker verlede. " Die struktuur van Suid-Afrika se Waarheidskommissie, en die beginsels wat die werk onderlê (ondersteun) het, is in baie ander lande vereer en nagevolg.

[Uit: *https://mg.co.za/article/2014-04-24-unfinished-business-of the-trc-healing.*]

**BRON 2B**

Die bron hieronder, 'n artikel deur B. Hamber en B. Dishington, fokus op die reaksies op die Waarheids- en Versoeningskommissie se reparasiebeleid.

Die laaste paar weke het 'n vlaag (vloed) van mediaberigte oor die Waarheids- en Versoeningskommissie se reparasie beleid voorgekom. Slagoffers wat voor die WVK getuig het, het hulle daarvan beskuldig dat hulle te stadig op die WVK se aanbevelings gereageer het. Die regering het die WVK blameer, omdat die WVK nie al die geld wat aan die reparasie begroting toegewys is, bestee het nie.

Hoe ons ook al daarna kyk, die slagoffers het onregverdige behandeling ontvang. Hulle is geviktimiseer deur wat in die verlede met hulle gebeur het en moes kyk hoe oortreders amnestie kry. Hulle het twee en 'n half jaar lank gewag vir sogenaamde dringende tussentydse (tydelike) betalings, wat gemiddeld 'n bietjie meer as R3 500 beloop het vir oortredings soos moord en verkragting. Om sake te vererger, het die WVK se aanbevelings oor langtermyn reparasies wat in Oktober 1998 ter tafel gelê is, gesloer. Dit was steeds ‘n omvattende (belangrike) onderwerp van bespreking wat verder gegaan het as blote politieke afknouery om haalbare (moontlike) oplossings te ondersoek. Die reg op reparasie vir verkeerde dade word al lank reeds erken as 'n fundamentele regsbeginsel, noodsaaklik vir die funksionering van regstelsels.

Reparasie word erken deur internasionale verdrae en plaaslike regstelsels in besluitneming deur die Verenigde Nasies se Menseregte en Nasionale Regspraktyk, asook in verskeie ander internasionale verdrae. Onlangse verwikkelinge dui daarop dat reparasies binnekort 'n internasionale standaard sal word en nie net 'n beginsel nie. As reparasies dus nie op die lange duur aan slagoffers toegestaan word nie, en laat ons hoop dit is nie die geval nie, sal dit vir hulle moontlik wees om te bepaal of Suid-Afrika hierdie verpligtinge nakom.

[Uit: *Sunday Independent*]

**BRON 2C**

Die bron hieronder verduidelik hoe slagoffers van apartheid 1 miljoen rand elk in reparasie-koste geëis het.

'n Skare slagoffers van apartheid het Dinsdag by die Uniegebou in Pretoria vergader en 'n dringende vergadering met president Cyril Ramaphosa geëis. Die groep bejaardes, baie van hul het krukke gebruik om hulle te help loop, is gelei deur die aktivis Nomarussia Bonase van die Khulumani -ondersteuningsgroep, 'n organisasie wat apartheidsera slagoffers en aktiviste ondersteun.

"Ons is van Gauteng, maar wat ons hierheen gebring het, is 'n nasionale mandaat en die eise van die Khulumani-ondersteuningsgroep. Dit is nou 25 jaar en ons is steeds op hierdie reis en ons probeer om die regering te betrek om oor ons eise te praat. Ons is 'n gewonde samelewing. Ons is deur apartheid gewond. Ná 1994 is die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) gevorm, en daardie kommissie was bedoel om vrede te bring, die waardigheid van mense wat deur apartheid geskend is, te herbou en te herstel," het Bonase aan die African News Agency gesê.

"Tydens die WVK het mense wat slagoffers van apartheid was gesê hulle het reparasie nodig. Die WVK het 'n aanbeveling gemaak dat slagoffers en hul gesinne individuele reparasies moet kry. Hulle het 'n finansiële pakket vir elke individu aanbeveel wat op daardie tydstip nie minder as R120 000 sou wees nie. Dit was in 1998. Hulle het ook gesê hulle sou die slagoffers behoorlike behuising gee, die slagoffers met behoorlike medikasie help en hulle ook met onderwys ondersteun."

"Die ander was simboliese reparasies wat 'n simbool sou wees om nie te vergeet wat tydens apartheid gebeur het nie. Vir ons het dit daaroor gegaan om ons stories te skryf, in boeke te verskyn en ook om monumente en grafstene vir die slagoffers op te rig. Hierdie demokrasie waaroor ons vandag praat, het onstaan as gevolg van bloed wat gestort is. Ons het mense wat verdwyn het, se families hier," het sy gesê. “Daar is ook mense hier wat gewond is. Hulle het hulp nodig. Al hierdie dinge is deel van wat ons eis. Die regering het sedertdien net sowat 22 000 stories aangehoor en slegs 15 000 mense is vergoed. Daardie mense is ook hier, vir hulle is slegs R30 000 gegee. Ons regering het steeds onvoltooide besigheid met die WVK."

Bonase het gesê die slagoffers eis nou "'n dringende behoorlike reparasie" wat sou help om hul wonde te genees.

[Uit: *https://www.iol.co.za/news/politics/victims-of-apartheid-demand-r1m-each-in-reparations*]

**BRON 2D**

Die volgende spotprent deur Zapiro het op 29 Oktober 1998 in die *Sowetan-koerant* verskyn. Dit evalueer die werk van die WVK.




[Uit: *https://www.google.com/search?q=zapiro+cartoons+on+reparations*.]

## VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING WERKERS IN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Die bron hieronder fokus op die invloed van globalisering.

Ons kommunikeer en deel nou mekaar se kulture deur handel, reis en die vervoer van produkte regoor die wêreld binne ure of dae. Ons is in 'n groot globale ekonomie waar iets wat op een gebied gebeur, wêreldwyd 'n uitkring-effek kan hê. Hierdie proses word globalisering genoem.

Globalisering is die proses waardeur die wêreld toenemend, onderling verbind word as gevolg van massiewe (grootliks) verhoogde handel en kulturele uitruilings. Globalisering het die produksie van goedere en dienste verhoog. Die grootste maatskappye is nie meer nasionale maatskappye nie, maar multinasionale korporasies met filiale (besighede) in baie lande. Voorbeelde van multinasionale korporasies is Starbucks, McDonalds en Nike. Globalisering vind al honderde jare plaas, maar het die afgelope halfeeu geweldig toegeneem.

Globalisering het gelei tot 'n verhoogde internasionale handel en maatskappye wat in meer as een land werksaam is. Daar is 'n groter afhanklikheid van die wêreldekonomie en vryer beweging van kapitaal, goedere en dienste. Hoewel globalisering waarskynlik help om meer rykdom in ontwikkelende lande te skep, help dit **nie** om die gaping tussen die wêreld se armste lande en die wêreld se rykste lande te verklein nie.

[Uit: *https://www.bbc.co.uk/bitesize/guides/zxpn2p3/revision/1*]

**BRON 3B**

Die volgende bron verduidelik die impak van multinasionale korporasies op die lewens van werkers in ontwikkelende lande.

Multinasionale korporasies bied 'n toevloei van kapitaal na die ontwikkelende land. Die belegging om ‘n fabriek te bou word gereken as 'n kapitaalvloei op die finansiële rekening van die betalingsbalans (verskil tussen inkomstes en uitgawes). Hierdie kapitaalbelegging help die ekonomie om sy produktiewe kapasiteit te ontwikkel en te verhoog. Een van die beste maniere om die vlak van ekonomiese groei te verhoog, is om 'n invloei van kapitaal uit die buiteland te voorsien. Die invloei van kapitaal help om buitelandse beleggings te finansier en stel ontwikkelende lande in staat om invoere te koop.


Multinasionale korporasies verskaf werk. Hoewel lone, volgens Westerse standaarde baie laag voorkom, sien mense in ontwikkelende lande dikwels hierdie nuwe werksgeleenthede as ‘n beter uitkoms, as om vir bestaansboere met selfs laer inkomste te gaan werk. “Sweatshop” arbeid is beter as die alternatief van werk soek, aas (bakhand staan) of geen betaalde indiensneming te verkry nie. Ekonome is nie almal oortuig dat “sweatshop” arbeid noodwendig 'n goeie ding is nie. Kritici argumenteer dat swak arbeidstoestande multinasionale korporasies toelaat om hul monofoniese (beherende) krag te gebruik om laer lone aan werkers te betaal as wat hulle veronderstel is om te betaal.

Multinasionale maatskappye kan help om die infrastruktuur in die ekonomie te verbeter. Hulle kan die vaardighede van hul arbeidsmag verbeter. Buitelandse beleggings kan besteding in die infrastruktuur soos paaie en vervoer stimuleer. Multinasionale maatskappye help om die ekonomie te diversifiseer vanaf die volslae afhanklikheid van primêre produkte en landbou – wat dikwels onderhewig is aan wisselvallige pryse en aanbod.

[Uit:*https://www.economicshelp.org/blog/1413/development/multinational-corporations-in-developing-countries/*]

**BRON 3C**

Die spotprent hieronder beeld die toestande uit waaronder werkers in ontwikkelende lande goedere vir multinasionale maatskappye soos Nike produseer.




[Uit: *https://caribbeandilemma.wordpress.com/2015/03/12/behind-the-swoosh-do-sweatshop-create-employment-or-exploitation/*]

**BRON 3D**

Die volgende bron beskryf hoe die burgerlike samelewing betoog het teen die uitbuiting van werkers deur multinasionale maatskappye soos Nike.

Nike is een van die sakewêreld se skitterende voorbeelde van hoe om die openbare beeld van ‘n onderneming te herstel. In die 1990's is die maatskappy geteister deur berigte dat "sweatshops" en kinderarbeid gebruik word. Druk het toegeneem tot 1998, toe Nike se medestigter Phil Knight, in die openbaar homself verbind het tot die verandering van die maatskappy se praktyke. Nike het dan ook die volgende dekade juis dit gedoen.

Nou dreig Nike se "sweatshops"-probleem om terug te keer. Op 29 Julie het studente en aktiviste regoor die wêreld deelgeneem aan 'n dag van protes teen Nike, georganiseer deur United Students Against Sweatshops (USAS). Die demonstrasies wat plaasgevind het in stede soos Boston, Washington D.C., Bangalore en San Pedro Sula in Honduras, het gelei tot ‘n toename in die bewerings teen Nike wat weer begin opvlam het.

Van die bewerings is dat werkers by 'n Nike-kontrakfabriek in Hansae, Viëtnam, aan loondiefstal en aan verbale mishandeling onderwerp is, ure lank moes werk in hoë temperature,oor die limiet van 90 grade, tot op die punt dat hulle by hul naaldwerkmasjiene ineenstort. Nike word ook daarvan beskuldig dat arbeidsgeleenthede verminder is wat aanleiding daartoe gegee het dat honderde werkers belangrike werksgeleenthede verloor het. Die maatskappy het ook na bewering die onafhanklike moniteringsgroep Worker Rights Consortium (WRC) toegang ontken om sy kontrakfabrieke te inspekteer. Die WRC is in 2000 deur universiteite, internasionale arbeidsregskenners en studentegroepe gestig om te verseker dat produkte met universiteitslogo's daarop, gemaak word onder toestande wat werkers se regte respekteer.

[Uit: *https://qz.com/1042298/nike-is-facing-a-new-wave-of-anti-sweatshop-protests*.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://libcom.org/library/peoples-politics-state-politics-aspects-national-liberation-south-africa-

https://www.sahistory.org.za/article/liberation-organisations

https://www.saha.org.za/imagesofdefinace/community_azikhwelwa.htm

https://www.saha.org.za/imagesofdefinace/takeyourhandsoffmeimaworkernotatoyawomansplaceisinthestruggle.htm

https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/poster738.jpg

https://www.bbc.co.uk/bitesize/guides/zxpn2p3/revision/1

https://www.economicshelp.org/blog/1413/development/multinational-corporations-in-developing-countries/

https://www.economicshelp.org/blog/1413/development/multinational-corporations-in-developing-countries/

https://qz.com/1042298/nike-is-facing-a-new-wave-of-anti-sweatshop-protests/

https://mg.co.za/article/2014-04-24-unfinished-business-of-the-trc-healing.Accessed on 03 May 2021

https://www.iol.co.za/news/politics/victims-of-apartheid-demand-r1m-each-in-reparations-.Accessed

https://www.google.com/search?q=zapiro+cartoons+on+reparations

http://ecexams.co.za/2016_September_Trial_Exams.htm

**EINDE**

testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2021

# NASIENRIGLYNE

**GESKIEDENIS (VRAESTEL 2) (10792)**

**24 bladsye**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe vlakke | Historiese vaardighede | Gewig van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Keuse en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30% (15 punte)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is<br>• Ontleed bewyse uit bronne | **40% (20 punte)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Bespreek bronne om die nuttigheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en verkry 'n onafhanklike gevolgtrekking | **30% (15 punte)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde gegee word.
- By die toekenning van punte moet klem geplaas word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag, kursief aangedui.

## 2. OPSTELVRAE

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument te struktureer in 'n logiese en samehangende wyse. Hulle moet die relevante inligting kies, organiseer en saamvoeg sodat hulle 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument kan aanbied om die vraag wat gestel word, te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n gevolgtrekking het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Merkers moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate kan enige ander relevante inleiding en/of gevolgtrekking hê as dié wat by 'n spesifieke opstel nasienriglyn vir 'n spesifieke opstel ingesluit is.

.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk as ’n geheel aanteken, sonder om die komponent dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening te bied deur geselekteerde feitlike bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om bloot 'feite' te heroorweeg om 'n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders om 'model' antwoorde voor te berei en hulle te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag te oorweeg. Holistiese assessering, in teenstelling met inhoudsgebaseerde assessering penaliseer leerders nie vir onbereikende taal nie. Klem word op die volgende geplaas:

- Die konstruksie van die argument.
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om die argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (wat deur ’n koeël in die nasienriglyn aangedui word), die <u>belangrikste aspekte/liggaam</u> van die opstel wat die lyn van argument onderhou/verdedig (wat deur koeëls in die nasienriglyn aangedui word) en 'n relevante gevolgtrekking (wat deur ’n koeël in die nasienriglyn aangedui word).
Byvoorbeeld, in 'n opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, kan daar ongeveer sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte tydens die nasien van ’n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat stel die opstel bekend deur 'n argumentslyn duidelik te stel/'n belangrike punt te maak. Elke paragraaf moet 'n punt insluit wat die belangrikste (argumentslyn) onderhou wat in die inleiding bekendgestel is. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in meer detail verduidelik waaroor die hoofpunt gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gestel word (lyn van argument). |
| **E** | **Voorbeeld:** Kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat relevant is vir die lyn van argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argumentslyn te onderhou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet verseker dat die argument regdeur volgehou word en samehangend geskryf word. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET gebruik word wanneer 'n opstel geassesseer word:

- Inleiding, hoofaspekte en gevolgtrekking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ______________
- Irrelevante inligting |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Lyn van Argument ↕ LOA

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks in die nasien van opstelle

In die nasien van opstelle moet die kriteria soos voorsien in die matriks gebruik word. By die assessering van die opstel, let op albei die inhoud en aanbieding.By die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

1. Die eerste lesing van uitgebreide skryfwerk sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek word en om die **inhoudsvlak (**op die matriks) toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lesing van uitgebreide skryfwerk hou verband met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE – TOTAAL PUNTE: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is ontwikkel. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon 'n mate van bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik deur bewyse ondersteun nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1* <br> Min of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7*** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| ***VLAK 6*** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is. | **43 – 46** | **40 – 42** | **38 – 39** | | | | |
| ***VLAK 5*** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38 – 39** | **36 – 37** | **34 – 35** | **30 – 33** | **28 – 29** | | |
| ***VLAK 4*** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30 – 33** | **28 – 29** | **26 – 27** | | |
| ***VLAK 3*** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie, of hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26 – 27** | **24 – 25** | **20 – 23** | |
| ***VLAK 2*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20 – 23** | **18 – 19** | **14 – 17** |
| ***VLAK 1**** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14 – 17** | **0 – 13** |

### * Riglyne vir toekenning van 'n punt by Vlak 1:

- Vraag glad nie aangespreek nie/heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting in = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer = 7 – 13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET BURGERLIKE ORGANISASIES IN DIE 1980's IN SUID-AFRIKA OP DIE NASIONALE PARTY SE HERVORMINGS VAN DIE APARTHEIDSBELEID GEREAGEER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Om teenkanting teen die staat se grondwetlike voorstelle en ander wetgewings te mobiliseer. (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die apartheid wetgewing ingestel in 1982 as 'n manier van hervorming ( Nuwe ooreenkoms/beleid) van apartheid.

(Enige ander relevante respons) (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Burgerlike verenigings
- Studente-organisasies
- Jeugkongresse
- Vrouegroepe
- Vakbonde
- Kerkverenigings
- Sportklubs (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Twee miljoen mense (1 x 1) (1)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

a) Jongmense het die stukrag vir die stryd verskaf.
b) Vakbonde het leierskap verskaf. (2 x 1) (2)

1.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die Driekamerparlement het nie swart mense ingesluit nie.
- Dit was ook slegs beperk tot Indiërs en Kleurlinge, wat nie in die Volksraad kon stem nie.

(Enige ander relevante respons) (2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Dit verduidelik dat die SAKP teen rassisme (nie-rassig) gekant was.
- Dit verduidelik dat dit oor verskillende denominasies was omdat die drie leiers van verskillende kerke is.
- Dit was 'n vreedsame organisasie wat vreedsame verandering geëis het, aangesien dit deur kerkleiers gelei is.

(Enige ander relevante antwoord) (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Polisie het mense gemartel.
- Hulle het mense vermoor.
- Hulle het teenstanders gearresteer en aangehou.

(Enige ander relevante respons) (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

Die Kairos Dokument het die volgende voorstelle gemaak:

- Vir die kerk om op te staan vir die armes en die onderdruktes.
- Vir die kerk om op te staan teen die ongeregtighede van apartheid.
- Vir Christene om die behoeftes van die stryd om bevryding te dien.
- Vir Christene om lede te mobiliseer om te werk en te beplan vir 'n verandering in die regering. (enige 2 x 1) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Hy het bedoel dat geweldlose (vreedsame) aksies gedurende die tyd nie gehelp het nie, aangesien die staat wel geweld gebruik het.
- Om vreedsaam te wees is irrelevant omdat daar geweld van die weermag is.
- Hy het bedoel dat die regering gewere/wapens gebruik het en dus het dit nie gehelp om vreedsame oplossings te gebruik nie.

(Enige ander relevante respons) (enige 2 x 2) (4)

1.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- “Ons wat 'n vreedsame oplossing wil hê, word vinnig ’n irrelevansie.”
- “Ek sou Biskop Tutu lank gelede verwerp het.” (2 x 1) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Staatsonderdrukking
- Soms misdaad (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Wet op Swart Stedelike Owerhede Wet op Swart Plaaslike Owerhede. (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Geharde veiligheidsmag aksies.
- Vergaderings en organisasies is verbied.
- Aktiviste is aangehou en tronk toe gestuur.
- Weermag troepe patrolleer "township" strate.
- Organisasies is verbied.

(enige 2 x 1) (2)

1.3.4 *[Evaluering van die nuttigheid/bruikbaarheid van Bron 1C – V3]*

**Die bron is nuttig/bruikbaar omdat:**

- Dit verduidelik die redes vir burgerlike betogings wat teen apartheid beleide gekant was
- Dit verduidelik die wyse waarop burgerlike betogings plaasgevind het, wat boikotte, wegbly-aksies en optogte insluit.
- Dit verduidelik die reaksie van die Nasionale Party regering teenoor die protesaksies wat arrestasies, aanhouding en weermag patrollies in "townships"/swart woongebiede insluit.

(Enige ander relevante respons) (2 x 2) (4)

1.4 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1D – V3]*

- Albei bronne noem dat die rede vir die opposisie teen die regering was om teen die apartheidswette te veg.
- Bron 1B sê die stryd teen ongeregtighede moet gedoen word deur direkte politieke konfrontasie van onregverdige wette en in 1C het aktiviste kop-aan-kop konfrontasies met regeringstrukture gehad.
- Bron 1B sê die regering het koeëls gebruik om die aktiviste te beveg en Bron 1C noem dat die weermag na die "townships" gestuur is.
- Bron 1B sê die Kairos-dokument van die SAKP het burgerlike ongehoorsaamheid ondersteun. Bron 1C bevestig die burgerlike ongehoorsaamheid van wegbly-aksies en boikotte.

(Enige ander relevante respons) (enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Om die gruweldade wat tydens die noodtoestand plaasgevind het, aan te dui.

(Enige ander relevante respons) (1 x 2) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Aanhouding/Detensie skend die regte van aktiviste.
- Die doodskiet van aktiviste/die gebruik van koeëls is ook 'n skending van hul regte.
- Weiering om vergaderings toe te laat is 'n skending van hul menseregte.

(Enige ander relevante respons) (1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul reaksie insluit:

- UDF het 'n beroep gedoen op organisasies wat apartheid wou teenstaan om bymekaar te kom en te verenig. (Bron 1A)
- Moedig eenheid aan. (Eie kennis)
- UDF is gestig wat bestaan het uit 'n koalisie van verskillende groepe en organisasies. (Bron 1A)
- SAKP, UDF- en burgerlike verenigings het 'n beroep gedoen op 'n stryd teen maatskaplike ongeregtighede en vir 'n demokratiese Suid-Afrika. (Bronne 1A, 1B, 1C en 1D)
- Die Indiërs en Kleurlinge is ontmoedig om te stem. (Eie kennis)
- Alle Koornhof Wetsontwerpe/Nasionale Party se hervormingsbeleide van apartheid is verwerp.(Bron 1A)
- Kairos-dokument deur SAKP aanvaar om vir armes te veg. (Bron 1B)
- Teenkanting teen die regering het die stryd om beter onderwys, grond en behuising ingesluit. (Bronne 1A,1C en 1D)
- Burgerlike ongehoorsaamheid, direkte konfrontasie, boikotte ens. is deur bevrydingsbewegings gebruik. (Bronne 1C en 1D)
- Die koalisie van UDF-groepe het 'n beroep gedoen op eenheid oor ras- en party-groeperinge. (Bronne 1B,1C en 1D)
- Weiering om gelei te word deur raadslede wat ingevolge die apartheidswette verkies is. (Bron 1C)

(Enige ander relevante antwoord)

Gebruik die rubriek om die paragraaf te merk.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe die verskeie burgerlike organisasies in die 1980's op die Nasionale Party se hervorming van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika gereageer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **dui 'n gedeeltelike begrip wanneer hulle verduidelik hoe die verskeie burgerlike organisasies in die 1980's op die Nasionale Party se hervorming van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip wat verduidelik hoe die verskeie burgerlike organisasies in die 1980's op die Nasionale Party se hervorming van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE PROSES VAN REPARASIE (HERSTEL) HANTEER?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- "Ons hoef nie die moraliteit van mense se optrede te oordeel nie, maar moet liewer as 'n inkubasie (ontwikkeling/groei) ruimtekamer van nasionale genesing, versoening en vergifnis optree." (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Om nasionale eenheid te bevorder.
- Om versoening te bevorder. (2 x 1) (2)

2.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsepte – V2]*

- Vergoeding/betaling en finansiële hulp verskaf aan slagoffers van growwe menseregteskendings.

(Enige ander relevante respons) (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Om 'n volledige beeld te verkry van die moontlike oorsake, aard en omvang van growwe skendings van menseregte wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is en om ondersoeke te doen en waardige platforms vir slagoffers en oortreders van menseregteskendings te skep om hul stories te vertel.
- Om amnestie toe te staan aan kwalifiserende oortreders van menseregteskendings.
- Om aanbevelings aan die regering oor reparasies te maak. Dit het ook 'n breër en minder tasbare/konkrete verantwoordelikheid gehad om by te dra tot die ontwikkeling van 'n fundamenteel nuwe, deernisvolle, regverdige en morele samelewing. (3 x 1) (3)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Desmond Tutu het geïmpliseer dat hy aan sy mede-kommissarisse gesê het dat hulle Suid-Afrikaners, beide oortreders en slagoffers, moet aanmoedig om na vore te kom en voor die WVK te getuig.
- Hy het die slagoffers en oortreders aangemoedig om hul kant van die storie te vertel sodat hulle kan genees en afsluiting kan kry.
- Hy het die slagoffers en oortreders aangemoedig om hul kant van die storie te vertel sodat versoening in Suid-Afrika bereik kan word/om die doele van die WVK om te versoen en verenig te bereik.

(Enige ander relevante respons) (enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Slagoffers wat voor die WVK getuig het, het hulle daarvan beskuldig dat hulle te stadig op aanbevelings gereageer het.
- Hulle het twee en 'n half jaar lank gewag vir sogenaamde dringende tussentydse betalings, wat gemiddeld 'n bietjie meer as R3 500 beloop vir oortredings soos moord en verkragting.

(2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

a) As die oortreders die hele waarheid blootgestel het, dan is amnestie gegee. **OF** As die oortreders bewys het dat hul misdade polities gemotiveerd was, is amnestie gegee. (1 x 2) (2)

b) Die reparasie beleid was vyandig teenoor die slagoffers van growwe menseregteskendings, hulle is nie onmiddellik betaal nie, hulle het ná twee en 'n half jaar tussentydse betalings ontvang. (1 x 2) (2)

(Enige ander relevante respons)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- R3 500 (1 x 1) (1)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Om die lande wat dieselfde geskiedenis as Suid-Afrika het, aan te moedig om Suid-Afrika se reparasie-proses te kopieer of na te boots as 'n goeie voorbeeld van nasiebou.
- Sodat mense se menseregte gerespekteer kan word.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Hulle het 'n dringende vergadering met president Ramaphosa geëis. (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Dit het slagoffers na die Uniegebou vergesel om reparasies van die regering te eis.
- Dit het regsverteenwoordiging aan die slagoffers verskaf sodat die regering die reparasies aan die slagoffers kan betaal soos deur die WVK aanbeveel.
- Dit het sopkombuise verskaf aan die slagoffers wat nie reparasies ontvang het nie.
- Dit het berading aan die slagoffers verskaf.

(Enige ander relevante antwoord) (enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Nomarussia Bonase (1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Die slagoffers het ná 25 jaar nie die reparasies van die WVK ontvang nie.
- Hulle het reparasies nodig gehad om hulle mediese rekeninge te betaal weens die beserings wat hulle tydens apartheid opgedoen het.
- Hulle moes hulle lewens herbou om te vergoed vir wat hulle tydens die apartheidsera verloor het.

(Enige ander relevante respons) (enige 1 x 2) (2)

2.3.5 *[Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 2C – V3]*

- Dit verduidelik dat 'n skare slagoffers by die Uniegebou bymekaar gekom het om reparasies te eis.
- Dit verduidelik dat die slagoffers ondersteuning ontvang het van die Khulumani-ondersteuningsgroep.
- Dit verduidelik die ongelukkigheid/teleurstelling wat gely is weens laat betalings van reparasies aan die slagoffers van apartheid.

(Enige ander relevante antwoord) (enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die slagoffers van apartheid wag vir hulle reparasies-uitbetalings van die WVK.
- Die slagoffers van apartheid het die WVK genader om hulle uitbetalings te eis wat die regering belowe het vir die growwe menseregteskendings wat hulle tydens apartheid gely het.
- Die slagoffers van growwe menseregteskendings is teleurgesteld om te hoor dat die regering reparasies vir 'n ongespesifiseerde tydperk gestop het.
- Die regering lewer talle verskonings aan slagoffers van apartheid ondanks die WVK se aanbevelings/Die regering ignoreer die aanbevelings van die WVK om reparasies aan slagoffers van apartheid se gruweldade te betaal. (enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Dit toon dat die regering die implementering van die aanbevelings van die WVK vertraag om reparasies aan die slagoffers van menseregteskendings te betaal.
- Toe die slagoffers van menseregteskendings hulle reparasies van die regering gaan haal het, is daar verskonings gemaak.

(Enige ander relevante respons) (enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2C en 2D – V3]*

- 2C sê dat die WVK aanbeveel het dat die regering moet verseker dat die slagoffers en hul gesinne individuele reparasies moet ontvang en 2D getiteld "Regering reparasies wat deur die WVK vir slagoffers van apartheid aanbeveel is", het hulle teleurgesteld gelaat..
- 2C noem dat slagoffers van apartheid tydens die apartheidsera gewond en gestremd gelaat was. Hulle het finansiële vergoeding nodig gehad vir die beserings wat hulle opgedoen het en 2D toon gestremde slagoffers in rolstoele, wat na die regering se uitbetalings-afdeling gegaan het om reparasies te eis, en hulle het net verskonings ontvang.

(Enige ander relevante respons) (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluasie, en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*

- Die WVK het ondersoeke gedoen en platforms geskep vir slagoffers en oortreders van menseregteskendings om hul stories te vertel, amnestie aan oortreders van menseregteskendings toe te staan en aanbevelings aan die regering oor reparasies te maak. (Bron 2A)
- Die WVK het aanbeveel dat die regering reparasies aan die slagoffers van apartheid moet betaal. (Bron 2A)
- Die reparasies is nie betyds aan slagoffers betaal nie, terwyl die oortreders amnestie toegestaan is sodra hulle voor die WVK getuig het en sy voorwaardes nagekom het. (Bron 2B)
- Die slagoffers wat voor die WVK getuig het, het die regering daarvan beskuldig dat hulle te stadig beweeg in die implementering van die WVK se aanbevelings. (Bron 2B)
- Die slagoffers het twee en 'n half jaar lank gewag voordat hulle tussentydse betalings van 'n bietjie meer as R3 500 ontvang het vir oortredings soos verkragting en moord wat hulle tydens die apartheidsera ervaar het.(Bron 2B)
- Vyf-en-twintig jaar later het slagoffers nog steeds nie langtermyn-reparasies ontvang nie. (Bron 2C)
- Die slagoffers wat deur die Khulumani-ondersteuningsgroep ondersteun is, het by die Uniegebou vergader om reparasies van die regering te eis. (Bron 2C)
- Die bron toon die ongelukkigheid en teleurstelling wat die slagoffers van apartheid gely het weens laat betalings van reparasies aan hulle. (Bron 2D)
- Die slagoffers van growwe menseregteskendings is teleurgesteld om te leer dat die regering reparasies vir 'n ongespesifiseerde tydperk gestop het. (Bron 2D)
- Die regering gee verskonings aan slagoffers van apartheid ten spyte van die WVK-aanbevelings. (Bron 2D)
- Die regering ignoreer die aanbevelings van die WVK om reparasies aan slagoffers van apartheids-gruweldade te betaal. (Bron 2D)

(Enige ander relevante respons) (8)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip van hoe die WVK die reparasie-proses hanteer het nie**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die WVK die reparasie-proses hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die WVK die reparasie-proses hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6 – 8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING WERKERS IN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?**

3.1 3.1.1 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 3A – V1]*

- Globalisering verwys na die tegnologiese, politieke en ekonomiese veranderinge wat daartoe gelei het dat die wêreld op 'n ander manier funksioneer as wat dit 20 jaar gelede gedoen het.
- Globalisering beskryf die manier waarop mense, idees en goedere vinniger en goedkoper deur die wêreld beweeg as voorheen.

(Enige ander relevante respons) (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- McDonalds
- Starbucks
- Nike (enige 2 x 1) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- "Globalisering help waarskynlik ontwikkelde lande om meer rykdom te skep." (1 x 1) (1)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Globalisering het nie armoede in ontwikkelende lande verminder nie.
- Globalisering het die gaping van ongelykheid en armoede tussen arm en ryk lande vergroot.

(Enige ander relevante respons) (enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Invloei van kapitaal
- Verskaf indiensneming
- Verbeter infrastruktuur (3 x 1) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Verskaf nuwe werksgeleenthede in die fabrieke vir werkers. Verskaf werksgeleenthede vir ongeskoolde werkers.
- Multinasionale korporasies bied groter geleenthede vir 'n groot aantal lae betalende werksgeleenthede vir werkers.

(Enige ander relevante respons) (2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2*]

- Werk in 'n oorvolle fabriek kan nodig wees vir die ontwikkeling van ekonomieë want hulle skep werk en help om armoede te verlig.
- Werk in "sweatshops" of oorvolle fabrieke help om die vaardighede van die arbeidsmag te verbeter.

(Enige ander relevante respons) (1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Multinasionale maatskappye het bygedra tot verbetering in infrastruktuur, soos paaie en vervoer, wat veroorsaak dat die uitvoere en invoere meer doeltreffend vervoer kan word.
- Hulle help die ekonomie om weg te beweeg van afhanklikheid van primêre produkte soos landbouprodukte, na industriële produkte.

(Enige ander relevante respons) (2 x 2) (4)

3.2.5 *[Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 3B – V3]*

- Dit is nuttig, aangesien dit wys hoe multinasionale korporasies help om die ekonomie te ontwikkel en sodoende produktiwiteit te verhoog.
- Dit wys hoe multinasionale korporasies werk verskaf, hoewel lone laag is.
- Dit wys hoe multinasionale maatskappye help om die infrastruktuur in die land te verbeter.
- Dit wys hoe multinasionale maatskappye help om die ekonomie te diversifiseer deur nie net op primêre produkte en landbou staat te maak nie.

(Enige ander relevante respons) (2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretaasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Die spotprent beeld die uitbuiting van werkers in die "sweatshops" uit (verbale misbruik/skree deur die werkgewer).
- Werkers is nie toegelaat om teen onbillike werksomstandighede en lae lone te protesteer nie. (Die werkgewer skop die betoger.)
- Die ongeskoolde arbeidsmag in ontwikkelende lande is uit die armer lande. (Bron 3C)
- Multinasionale maatskappye soos Nike het fabrieke in ontwikkelende lande opgestel waar hulle die goedkoopste arbeid kan kry.

(Enige ander relevante respons) (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Werkers is verbaal misbruik deur die werkgewer/swak behandeling van werkers.
- Werkers het vir lang ure gewerk en is baie lae lone betaal.
- Onregverdige en onmenslike werksomstandighede.

(Enige ander relevante respons) (enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Die maatskappy is geteister deur berigte dat dit "sweatshops" en kinderarbeid gebruik het. (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Nike is 'n sportdrag vervaardiger. (1 x 1) (1)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Loon diefstal en verbale mishandeling.
- Het lang ure gewerk by temperature oor die limiet van 90 grade.

(2 x 1) (2)

3.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Workers' Rights Consortium (WRC) (1 x 1) (1)

3.5 *[Vergelyking van bewyse van Bronne 3C en 3D – V3]*

- Bron 3C beeld die uitbuiting van werkers in 'n Nike "sweatshop" uit en Bron 3D bepaal dat werkers beweer dat hulle by temperature van oor 90 grade moet werk.
- Bron 3C beeld werkers uit wat verbaal misbruik word in die Nike-fabriek en in Bron 3D beweer werkers dat hulle verbaal by die Nike-fabriek misbruik word.
- Albei bronne beklemtoon die onregverdige behandeling van werkers in die Nike-fabriek.
- Bron 3C beeld 'n werker uit wat protesteer en Bron 3D wys daarop dat die burgerlike samelewing betoog teen Nike-"sweatshops".

(Enige ander relevante respons.) (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit die bronne – V3]*
- Globalisering het gehelp om rykdom in ontwikkelende lande te skep. (Bron 3A)
- Globalisering het die gaping van armoede en ongelykheid in ontwikkelende lande verbreë. (eie kennis)
- Multinasionale korporasies het werksgeleenthede gebied vir mense in ontwikkelende lande. (Bron 3B)
- Multinasionale korporasies verbeter infrastruktuur in die ekonomie. (Bron 3B)
- Globalisering dra by tot die verbetering van die vaardighede van werkers in ontwikkelende lande. (Bron 3B)
- Globalisering dra by tot die verbetering van infrastruktuur in ontwikkelende lande. (Bron 3B)
- Multinasionale maatskappye ontgin werkers in ontwikkelende lande (Bron 3C)
- "Sweatshops" is die produk van die wêreldekonomie. (Eie kennis)
- Werkers in ontwikkelende lande het teen uitbuiting in die "sweatshops" geprotesteer.
- Burgerlike samelewing het teen "sweatshops" en kinderarbeid betoog.

(Enige ander relevante antwoord)

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse. **Toon min begrip van hoe globalisering werkers in ontwikkelende lande geraak het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, e.g., **toon 'n mate van begrip van hoe globalisering werkers in ontwikkelende lande geraak het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 4** |
| **VLAK 3** | Gebruik relevante bewyse bv., **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe globalisering werkers in ontwikkelende lande geraak het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5 – 8** |

(8)
**[50]**

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

*[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

**VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

**SINOPSIS:**

**Kandidate moet aandui tot watter mate die idees van Steve Biko en die ideologie van Swartbewussyn in 1976 tot die Soweto Studente Betogings bygedra het.**

**HOOFASPEKTE:**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

**INLEIDING:**

Kandidate moet aandui tot watter mate die idees van Steve Biko en die ideologie van Swartbewussyn tot die Soweto Studente Betogings in 1976 bygedra het. Hulle moet die rede vir hul standpunt aandui en verduidelik hoe hulle hulle argumentslyn gaan ondersteun.

**UITBREIDING:**

- Swartbewussyn het die studente in Suid-Afrika beïnvloed met hul ideologieë.
- Het swart mense aangemoedig om die kettings van onderdrukking en minderwaardigheid af te gooi.
- Het hulle aangemoedig om swart trots en waardigheid te bevorder.
- Het die wit magstruktuur wat in Suid-Afrika bestaan het, uitgedaag
- Steve Biko het die idees van Swartbewussyn oor swart eenheid en die emansipasie-beweging bevorder.
- Hy was 'n dinamiese man wat 'n generasie swart jeug met sy idees geïnspireer het.
- Hy het die ideologie van Swartbewussyn in sy toesprake en in sy skryfwerk versprei.
- Opvoeding/Onderwys in die swart "townships" was minderwaardig weens die apartheidsbeleide.
- Oorbevolking en gebrek aan hulpbronne, ontevrede onderwysers, ouers en studente.
- Swartbewussyn het 'n belangrike rol gespeel in die politisering (politieke bewusmaking) van die jeug van Soweto in 1976.
- Toe Afrikaans in skole bekendgestel is, was dit met teenkanting dwarsdeur Suid-Afrika gegroet.
- Afrikaans was 'n onderdrukkende taal en het die swart leerders voorberei op 'n lewe van serwituut.
- Onderwysers en leerders het met die taal gesukkel.
- Weens die invloed van SASO, is hoërskoolleerlinge aangemoedig om studenterade te vorm en so te verenig.
- Studente het teen onbillike taalbeleide in die besonder betoog en teen diskriminerende wette in die algemeen.

(Enige ander relevante respons)

**SLOTSOM:**
Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot afsluit.

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en bou 'n argument gebaseer op bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

**SINOPSIS:**

**Kandidate moet wys hoe opposisiepartye en die NP-regering gedwing is om 'n politieke skikking te bereik deur onderhandelinge, wat gelei het tot die geboorte van 'n nuwe SA in 1994. Hulle moet wys hoe onderhandelinge in die 1990's gelei het tot 'n vreedsame resolusie van die politieke dooiepunt in Suid-Afrika.**

**HOOFASPEKTE:**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul reaksie insluit:

**INLEIDING:**

Kandidate moet 'n stelling kan maak oor hoe pogings deur verskeie politieke partye en die NP-regering om 'n politieke skikking deur onderhandelinge te bereik, uiteindelik tot die geboorte van 'n nuwe SA in 1994 gelei het.

**UITBREIDING:**

- De Klerk se toespraak in die parlement (2 Februarie 1990) het die basis gelê vir onderhandelinge.
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en die SAKP.
- Opheffing van beperkings op COSATU en AZAPO.
- Gesprekke tussen groot belanghebbendes het in 1990 begin.
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC-afvaardiging onder leiding van Mandela, NP-afvaardiging onder leiding van De Klerk) het konsensus bereik oor die grondslagte vir onderhandelinge.
- Apartheidswetgewing word herroep, soos die Wet op Afsonderlike Geriewe.
- Pretoria Minuut – 6 Augustus 1990 (ANC het ingestem om gewapende stryd op te gee as een element van konsensus).
- KODESA 1 - 19 politieke partye uitsluitend AZAPO, CP en PAC/300 afgevaardigdes.
- Verklaring van Voorneme onderteken wat 'n verenigde SA verseker het. Onafhanklike regsbank, asook die grondwet-kwessie wat fokus op die belangrikheid van konsensus wat bereik moet word.
- Slegs blankes referendum (Maart 1992) deur FW de Klerk.
- KODESA 2 het ineengestort. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwet wat tussentydse regeringskwessies aanspreek nie en waarop partye nie konsensus kon bereik nie.
- Boipatong slagting en die gevolge daarvan (June 1992).
- ANC-onttrekking aan onderhandelinge.
- Bisho-slagting het die proses van onderhandelinge bedreig (September 1992).
- Agter die skerms onderhandelings tussen ANC en die NP.
- Rekord van Begrip onderteken (September 1992) tussen die ANC en NP.
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) deur 'n regtervleuel en die impak daarvan op Suid-Afrika.

- Multi-party onderhandelingsforum.
- Regse groep (AWB) se aanval op die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark en die gevolge daarvan.
- St James slagting deur APLA– Julie 1993.
- Heidelberg Taverne slagting deur APLA – Desember 1993.
- Sunset-klousule voorgestel deur Joe Slovo het die onderhandeling-dooiepunt verbreek. (Konsensus as ’n voorspel tot grondwetlike kompromieë)
- Shell House slagting – 28 Maart 1994.
- Bophuthatswana staatsgreep – 11 Maart 1994.
- Verkiesingsdag – 27 April 1994 asook geweld op verkiesingsdag.
- ANC het verkiesing gewen/uitslae van verkiesing.
- Regering van Nasionale Eenheid is gevorm – ’n multi-party demokrasie het ontstaan.

(Enige ander relevante respons)

**SLOTSOM:**

Kandidate moet hul argument met ’n relevante gevolgtrekking bind.

**[]50**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELD ORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

**SINOPSIS:**

**Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie met die stelling en moet hulle lyn van argument ondersteun met relevante bewyse. Hulle moet aandui of die ineenstorting van die Sowjetunie grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat in 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het. Hulle moet 'n standpunt inneem en 'n argument ontwikkel wat hul repons ondersteun met historiese bewyse.**

**HOOFASPEKTE:**

Kandidate moet die volgende in hul reaksie insluit:

**INLEIDING:**

Kandidate moet aandui of die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 gedien het as 'n vonk vir die politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het en staaf hulle standpunt met 'n argumentslyn.

**UITBREIDING**:

Kandidate moet die volgende punte in hul antwoord insluit:

- In die 1980's het die Suid-Afrikaanse regering 'n getransformeerde wêreldorde in die gesig gestaar en Suid-Afrika het geïsoleerd geword.
- Die meeste van Suid-Afrika se buurstate het onafhanklikheid bereik.
- Gorbachev se beleid van Perestroika en Glasnost en die impak daarvan op Suid-Afrika.
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie begin was besig om te ontbind en die kommunistiese regimes in Oos-Europa het begin om ineen te stort.
- Die Berlynse Muur het geval wat tot verreikende gevolge vir Suid-Afrika gelei het.
- Veranderinge in die wêreld het bygedra tot die einde van apartheid.
- Die ineenstorting van die USSR het die ANC van sy belangrikste ekonomiese en militêre steun ontneem.
- Sosialisme was nie meer 'n ernstige opsie vir die ANC nie.
- Die Nasionale Party se aanspraak op die beskerming van Suid-Afrikaners teen 'n kommunistiese aanslag het onrealisties geword.
- Onttrekking van ondersteuning deur Brittanje, VSA en die Weste.
- Oplegging van sanksies/boikotte.
- Westerse wêreldmagte het die voorsteelling ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties oplos.
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party regering nie onbepaald wit oppergesag kon handhaaf nie.
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord op die behoeftes van wit kapitalistiese ontwikkeling was nie.
- Daar was geen twyfel dat die voortgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners nie politieke stabiliteit sou verseker nie.

- Die regering het begin glo dat hervorming nodig is om die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas in te sluit wat as 'n "teenvoeter" teen ’n rewolusie sou kon optree.
- De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering uit Moskou was nie.
- Dit het De Klerk in staat gestel om betrokke te raak by gesprekke met die bevrydingsorganisasies.
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk 'n "nuwe en regverdige grondwetlike bedeling" aangekondig wat die einde van apartheid beteken het.

(Enige ander relevante respons)

**SLOTSOM:**

Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking bind. **[50]**

**TOTAAL: 150**